

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 17

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Kersgedagtes

- Dit is nie bekend of Christus wel op 25 Desember gebore is nie. Die fees is eers in die vierde eeu ingestel en dit is nie bekend waarom juis 25 Desember gekies is nie. Waarskynlik het die Romeinse kalender die keuse bepaal, want 25 Desember was "die dag van die onoorwinlike son". Daarom is Kersdag in homself nie geheilig soos die Sondag nie. Wel het die kerk dié dag afgesonder om spesifiek aan die geboorte van Christus te dink.
- Gedenk die MISTERIE op dié dag: Die misterie van die vleeswording, die misterie van die Goddelike liefde en die misterie van God se offer om te red wat verlore is.

Gedenk egter ook die OPENBARING op dié dag: Die Verlosser geopenbaar, die Weg geopenbaar, die gemeenskap van God met ons geopenbaar. Kersfees is INGEWIKKELD en EENVOUDIG.

- Christus was gebore om te sterwe... Sy lewe staan in direkte verband met sy dood. Sy Kersdag en Goeie Vrydag is die môre en die aand van dieselfde dag.
- Kersfees oorwin die angs. Wie in Hom glo, het nie meer angs vir die oë van God nie, want die vlamme oog is op Hom die Skulddraer en nou is die ontfermende oog op ons — verlostes. Moenie vrees nie. Die Here sal jou, arme sondaar, nie verskroei nie, maar vertroetel.

Kersvrede vir die gelowige.

Kersvrees vir die ongelowige.

Kersfees, die fees van Verwondering, Bepeinsing, Aanbidding

Die geboorte van Jesus Christus het 'n drieërlei uitwerking gehad op die mense wat ten nouste daarmee gemoeid was.

Die eerste: verwondering

Lukas sê: "En almal wat dit gehoor het, was **verwonderd**, oor wat deur die herders aan hulle vertel is." (Luk. 2:18).

Ons moet hierdie verhaal met kinderoë lees — oë waarin die lig van verwondering nog speel. By die geboorte van Jesus is alles Wonder, Misterie, Geheimenis.

Miriade engele (ons het nog nooit eers 'n engel gesien nie!), liggestaltes uit die hemelse nagdieptes, wat vir 'n paar skaapwagters in die veld kom sing.

Die Seun van God, wat ewige, almagtige God is en bly, as 'n hulpelose kindjie in 'n voerkrip. Wat verstaan ons hiervan?

Die tweede: bepeinsing

Lukas sê: "Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart **oordink**." (Luk. 2:19). Maria het veel gehad om te oordink. 'n Jaar tevore het 'n engel die boodskap aan haar gebring. Wat het sy alles in die jaar belewe! Deur die skyn van skande heen het sy die ontsaglike geheim bewaar: Háár kind is die Seun van God!

Die Griekse woord wat in ons Bybel vertaal is met "oordink," beteken eintlik om 'n tweegesprek te voer.

Dit is wat Maria gedoen het. Sy het 'n woordelose tweegesprek met haarself gevoer. So maak 'n mens as jy tot duidelikheid wil kom oor 'n saak wat vir jou te diep is om te begryp.

Die derde: aanbidding

Lukas sê: "Die herders het teruggegaan en God **verheerlik** en **geprys** oor alles wat hulle gehoor en gesien het; net soos aan hulle gesê is." (Luk. 2:20).

Hierdie manne het rede gehad om te aanbid. Hulle het presies gaan vasstel dat die boodskap van die engele waar is. Hulle het die kindjie met sy moeder gevind. Hulle het geglo dat dit hul Verlosser is en hulle het aanbid.

* * *

Hoe pragtig teken die kunstenaar Lukas die klimmende lyn:

- By die hoorders: *Verwondering*
- By Maria: *Bepeinsing*
- By die herders: *Aanbidding*

Dit is die drievoudige uitwerking van Jesus se geboorte op die mense rondom Hom. Wat is die uitwerking van Jesus se geboorte op u?

Here, help ons deur U Heilige Gees om opnuut hierdie Kersfees verwonderd te wees, te peins en te aanbid.

P.W.B.

EK GLO AAN DIE KERK

Die kerk is 'n stigting vanuit die hemel na die aarde toe. Sy is gemaak deur die Here Jesus Christus en vergader deur die Gees en verkies deur die Vader.

Die kerk is nie geïsoleerd nie, maar dit is 'n deel van 'n groot geheel. Hier is die historiese verband met die ganse uitverkore mensheid en die voortsetting van die genadeverbond met Abraham.

Die kerk omspan alle eeue en volke, haar lidmate is geheilig in Christus en deel van die wedergebore mensheid. Sy is die tempel van die lewende God, die kudde van die Goeie Herder, die slagorde van die hemelse Koning en die binnevestiging van die koninkryk van God op aarde.

Die kerk vind haar fondament in Jesus Christus soos verkondig deur die apostels en sy verrys in hierdie wêreld as 'n gebou van God met vensters oop na die Vaderskoon. Die kerk is 'n ligtoring in die storm, 'n herberg vir die swerwer, 'n feessaal vir die eensame en lafenis vir die dorstige. Sy is die moeder wat versorg en troos, vermaan en tugtig, voed en opvoed.

Die kerk is 'n gemeenskap — steen vir steen, gebak in God se oonde, word haar lidmate saamgevoeg tot 'n stewige vesting, sodat hulle mekaar broers en susters noem — 'n geloofsgemeenskap met een belydenis — 'n profetiese gemeenskap besiel deur die Gees — 'n Liefdesgemeenskap wat saam vergiffenis ontvang het en daarom ook saam vergiffenis gee — 'n profetiese gemeenskap wat die saad verder saai — 'n priesterlike gemeenskap wat offervure laat brand uit dankbaarheid — 'n biddende gemeenskap wat aanbid en die wêreld dra in haar gebede — 'n wagtende gemeenskap wat die wolke dophou vir sy koms en die vyeboom om vas te stel of die tyd al naby is — 'n Christusgemeenskap wat die appel van sy oog en die voorwerp van sy besondere liefdevolle erbarme is.

"Want soos uit baie graankorrels een meel gemaal word en een brood gebak word en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, één wy en drank vloei en tot een vermeng word, net so sal ons almal wat deur die waaragtige geloof in Christus ingelyf is deur Christus ons liewe Saligmaker ontwil, wat ons tevore so uitnemend liefgehad het, almal saam één liggaam wees, en dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys."

Van hierdie kerk moet jy 'n lewende lidmaat wees — 'n belydende sondaar wat jou fakkels by die ligbron gaan aansteek — 'n gehoorsame hoorder wat die Woord toepas en bewaar — 'n oorgegewe yweraar en 'n voorbeeldige lewenswandelaar.

W.J. de Klerk

BELYDENIS

Here, U het u grimmigheid oor my uitgestort ...

In jeugdige oormoed het ek my opgerig en met groot ywer in u Naam gearbei. Ek het my ingespan om met ongeduld u leer te verkondig.

Eensklaps het u hand op my neergedaal en my weggeruk tot in die eensaamheid waar geen mens my kon volg nie en waar ek radeloos langs die afgrond van geestelike verbystering gestruikel het. In my benoudheid was U nie daar nie en ek het die eensaamheid soos 'n mantel om my getrek. Lank het ek alleen gewandel, my hart opstandig gesluit vir u liefde, my oog met afguns gerig op hulle wat u guns geroem het. Ek het oor die nag uitgestaar en daar was geen lig nie. My gedagtes het blind opgefladder en in my skoot teruggeval. Daar was geen antwoord nie. Ek het 'n skans om my hart gebou en my siel het soos 'n siek dier in afsondering skuil gegaan. Ek het gehaat en in my wrok het ek gevloek teen u regverdigheid.

Toe het ek opgestaan. Die haat het ek my tot krag gemaak en die twyfel my tot troos geneem. Ver van U het my vreugdelose weg my dieper laat gaan in die duisternis, totdat ek oplaas gehuiwer het by die rand van my bestaan. Daar was ek ontledig; in verlatenheid. Ek wou vergaan en in my angs het ek geskreeu: "Ag Here red!" en U was daar.

Ek het u gestalte in Getsemane gesien en U sien strompel met die kruis teen Golgota...

O God, ek doen belydenis en bied u my gebroke gees. Omvorm my en maak my tot u beeld. Gee aan my hande u barmhartigheid en drenk my in u groot geduld. Skenk my u gehoorsaamheid en neem my dan tot werktuig van u wil. Laat u Gees my na u beeld vernuwe en u oneindige liefde my deurdring, sodat my arbeid in u Naam geseënd mag wees. Here, laat my ook leef vir andere, sodat ek self kan lewe.

Fanie van der Walt

DIE WOORD HET VLEES GEWORD

Die Woord het vlees geword en onder ons gewoon. Ons het sy heerlijkheid aanskou, die van Gods enigste Seun, die heerlijkheid van Hom wat van die Vader kom, wat vol genade en deernis en vol van waarheid is.

EER AAN GOD

Eer aan God, die hoogste Heer!

ruis dit uit 'n stemmese.

Vrede op aarde, Vrede weer!

En die donker nag ruis mee.

Welbehae eindloos groot

in die mens. Gods gunsgenoot!

DIE GODSDIENS SONDER NAAM

Die "ander" wêreld

Ek wil skryf oor 'n godsdiens. Miskien ken u hierdie godsdiens of miskien nie. Hierdie godsdiens probeer om 'n uitweg te wees — uit 'n doolhof — uit 'n aaklige en verskriklike wêreld van geeste, kragte, tekens en voortekens, gelukbringers en drome en droomuitlegging, sterre en sterrevoorspellings. Dit is die "ander" wêreld. Die een agter hierdie een van ons daaglikse beweging. Daardie geheimsinnige wêreld wat met skadu's omhul word. et hom probeer hierdie godsdiens sonder naam in aanraking kom.

Wees eerlik, u vrees ook hierdie wêreld. U is ook bang vir die doodsgebied. U huiwer ook voor die groot eensaamheid van die dood wanneer u alleen sal wees. U en... die dood.

Hoe lyk die godsdiens sonder naam?

Hierdie godsdiens sonder naam is natuurlik 'n bygeloof. Jy kry hom oral. Op straat, in die kantore van die stad, op die paaie, op die plase, in die oerwoud, op afgeleë eilande... oral. Dit het baie aanhangers, wittes, swartes, geles, rooies... almal. Baie sê dit is "primitief". Ek glo dit nie. Ek dink dit is baie modern. Dit is in elk geval net so modern as wat dit primitief is. Van die sondeval af worstel die mens om iets te vind om in die plek van God te stel en sy aanbidding te rig op iets wat hyself uitgevind of versin het.

Die mens wens om 'n godsdiens na sy hart te kry — so een soos wat hy is en dit moet maklik wees — nie vol wette en gebooie en bepalinge nie. Dit moet sommer die godsdiens van die massas wees. So is bygeloof — die godsdiens sonder naam.

Hierdie godsdiens sonder naam is 'n soort worsteling om jouself veilig te stel teen daardie "ander" wêreld met sy bedreiginge. Daarom dra die kantoorjuffrou 'n kruisie aan 'n kettinkie om haar nek. Die ander een sit weer en tik met 'n kettinkie om haar arm waaraan die amulette klingel. Dit is hulle geluk wat hulle so aan hulle dra. Daardie poppie in jou motor wat saamry, hy ry mos nie verniet saam nie. Hy moet help. Hy bring geluk en voorkom ongelukke. Daardie perdeskoen bo jou buurman se voordeur doen dieselfde werk. Die dinge het betekenis. Dit staan in verband met die "ander" wêreld. Dit stel ons veilig daarteen.

Jy gaan nie kerk toe met hierdie godsdiens nie. Op die voetbalveld waar jy jou span se "mascot" dra, is jy net so 'n goeie aanbidder van hierdie godsdiens as in die kerk waar jy en jou vrou so 'n kort besoekie by die nagmaal bring net om te verseker dat die magiese krag daarvan julle weer sal bewaar van ongeluk lot by die volgende nagmaal. Gode het hierdie godsdiens nie. Die hoofgod is eintlik geluk, maar dit is maar een van baie wat half-vaag in die agtergrond staan.

Die mens van hierdie godsdiens is eintlik maar sy eie god. Hy dink die godsdiens uit, hy aanbid wanneer hy wil en soos hy wil, hy gee vir sy godsdiens en hy neem uit sy godsdiens wat hy wil.

Hy is ook sonder hoop

U kan nie stry nie. Dis 'n hopelose godsdiens hierdie en 'n godlose godsdiens. Hoop kan dit nie bring nie, omdat dit toeslaan na binne. Dit draai die mens net vaster in sy verlangens, begeertes, drange en in sy vrese en suggesties. Hy bly maar in die kringloop. Hoe meer vrees hoe meer middels en gelukbringers, maar hoe meer daarvan, hoe minder geluk en hoe meer vrees.

So was dit miskien toe u huislike verhoudinge laas versteur was, of die van u vriend oorkant.

Dit het naderhand so erg geword dat die mense gepraat het. U wou weg, kon dit nie meer uithou nie. Onthou u nie die perdeskoen daar bo die voordeur nie en u het nog met opset die huis se nommer van 13 na 12a laat verander. En u het daaraan gedink dat u u jong bruidjie oor die drumpel gedra het en dat sy pas tevore op haar 21e verjaarsdag 'n sleuteltjie tot die onbekende toekoms ontvang het. Hoekom het dit dan geen uitwerking gehad nie, of het u dit alles ook maar nie geglo nie?

Dan was daar ou Tom, ons swaargewig bokser, met sy rooi kamerjas vol ou sweet. As hy die kamerjas aan het, dan... so het Tom geglo. Tot 'n man hom een aand so geslaan het dat hy in sy rooi kamerjas dood is. Tom het al sy hoop op die kamerjas gestel en toe kom sy moeilikhede op een hoop. Sy kamerjas was 'n monster, 'n rooi tiran wat oor Tom regeer het. Arme Tom, soos 'n kind agterna, vol vrees en angs. Geen hoop nie... en ook sonder God!

Die Evangelie 'n krag van God

Miskien is dit omdat party nog nie gehoor het nie en ander al weer vergeet het dat die Evangelie 'n krag van God is tot saligheid vir elkeen wat glo. Geen krag, geen geheimsinnige mag of invloed, of dit hemels, of aards, of onderaards is, kan die krag van God breek nie. Die krag is die Woord, die Evangelie, tot saligheid — nie deur gelukbringers nie, raar deur die bloed van Jesus Christus.

Christus kan u help om uit u angs te kom — uit u perdeskoengodsdiens — uit die kamerjas-oorheersing — uit die slawerny van die 13e — uit die sterrevoorspellings en palmlesery in Sigeuner-dwinglandy.

Die Evangelie is 'n krag! Glo dit en u sal dit belewe. U sal 'n nuwe wêreld belewe. Die wêreld waarin die Koninkryk van God gekom het — waarin die "ander" wêreld geen invloed het wat sterker is as die krag van God nie, want om te glo in hierdie krag van God is om 'n nuwe mens te wees in 'n nuwe lewe en in 'n nuwe wêreld.

U kan ook 'n nuwe mens wees, as God wil en u bid daarvoor.

DIT WAS 'N DONKER JAAR VIR MY

Die lyding het 'n aanslag op my lewe gemaak. Dit was nie alleen die voortdurende siekte nie, maar ook my dogter se senu-ineenstorting oor haar liefdesteleurstelling, my vrou se operasie, my moeder se onverwagse dood, my skuldeisers... Ek wil nie simpatie soek nie, maar dit was 'n onuithoudbare jaar. Die gevoel van magteloosheid groei in my. Ek is uitgelewer aan 'n onontwykbare lot wat my voortdurend in onsekerheid hou, want enigiets kan elke oomblik toeslaan.

Êrens het ek gelees dat die mens se lewe vergelyk kan word met 'n klomp terdoodveroordeelde in kettings geboei. Elke dag word daar 'n paar gehaal wat nooit weer terugkeer nie. Die wat agterbly, sien hulle eie lot in dié van hulle metgeselle. Ons kan mekaar maar net vol smart en sonder hoop aansien. Ons moet wag vir ons beurt wat oor enkele minute kan kom. Nou moet jy nie kom praat van die God van liefde nie. Waarom doen jou God dan nie iets nie!

Ek is bly dat die lyding jou nie ongeroerd laat nie. Dit spreek jou so sterk aan dat jy roep na 'n ontsyfering van die probleem. Ek het nie al die antwoorde nie en ek gaan ook nie advokaat vir God speel nie. Saam met jou erken ek die geheimenis van die lyding. Daar is vir my baie wat ondeurgrondelik en onnaspeurlik en onbegryplik is.

Maar nou moet ons billik en regverdig wees. **Waarom gee jy God die skuld vir al die lyding?**

Ons moet tog erken dat die lyding nie in die eerste plek van bo kom nie, maar van benede. Lyding en lewe is onlosmaaklik aanmekaar gekoppel. Reeds op die eerste bladsye van die Bybel word dit duidelik dat lyding nie in God se oorspronklike bedoeling was nie en op die laaste bladsye word dit luid uitgeroep dat alle lyding uitgeban sal wees! God haat die lyding net soos jy.

Wat het dan gebeur? Die mens het die lyde ontwerp deur sy sonde. Lyding is sondevloek. As jy iemand wil verwyt, moet jy die mens verwyt; ook jouself verwyt, want jou sonde en my sonde van elke dag **verdien**, as dit werklik regverdig moet geskied, al die peste van die vier windstreke.

Ons moet begin by ons skuld. Agter ons gemeenskaplike lyding staan ons gemeenskaplike skuld. Ons eie pyn en ons skok oor die pyn van ander moet ons bring tot verootmoediging en neerbuiging en selfbeskuldiging oor die sonde en sy skrikwekkende gevolge. Stem jy saam: **Lyding is nie God se skuld nie, maar die mens se skuld.**

Was hierdie donker jaar vir jou dan die straf van die Here op jou spesifieke sondes? Beteken dit dat alle lydendes geheime sondaars is en alle voorspoediges goeie mense?

Nee, lyding is deel van die sondegebroke bestaan, Elke lyding het die element van **kastyding** vir ons **behoud**. God stuur nié die lyding nie, maar gebruik die lyding om ons te vind. In die lyding is die uitnodiging om Christus te ontmoet.

"Jy's nog tam en sat van seerkry, maar uit al die wag en wanhoop sal 'n nuwe, vreemde krag stil en verterend opskiet soos 'n vlam, sodat jy kan weet: ná al wat jy verloor het, bly die Onaantasbare nog oor".

Elizabeth Eybers.

Jy moet jou lyde verwerk. Miskien gaan die lyding vir jou 'n poort word.

W. J. de Klerk.

Die Nuwe Nuwejaar

Ons het die afgelope jaar gehoor van u eensame lewe, die teleurstellings en skokke, die mislukte huwelik en ouersmarte, die twyfel en onrus, die soektog na vrede en houvas, die verwarring en skuldgevoel. Ons het probeer om geen doekies om te draai nie — waarom sal ons?

U weet dat ons u dringend gewys het op u noodtoestand; dat die geloof in u gaan lê het. Geloof wat nié gevoed was deur die kerk nie, want u het die kerk links laat lê. Geloof wat nié staande kon bly nie, omdat die Bybel uit u lewe verdwyn het. Geloof wat nié meer kon bid nie, want u het vervreem van die Here.

Dit kan en mag tog nie al die jare so deurgaan nie. Daarom wens ons u 'n werklike nuwe nuwejaar toe — dat alles vir u nuutgemaak sal word deur die Here!

In die eeue-oue Bybel wag die nuwe boodskap vir u. Terug na die Bybel, na die kerk, na die sondebeseft, na die gebed — alleen so word alles nuut. Dit is 'n betroubare woord. Neem dit aan en veg teen al die weerstande wat u solank al opgebou het. Breek deur die kluister van u verstarde lewe.

Ons bid u waarlik dié nuwejaarsvoorneme toe — dat u sal sê:

"Ek sal opstaan en na my Vader gaan.

Ek sal sê: Ek het gesondig teen U!"

En dan gee ons u dié nuwejaarsversekering:

Die Vader sal u tegemoet snel.


Hy sal u vergewe.

Die Engele sal jubel oor een sondaar wat hom bekeer.

Alles sal nuut word.

W. J. de Klerk.

**Die Hugenote-gedenkteken te Transvaal is simbool van die geloof wat die krag was in die lewe van ons Voortrekker vadere.
Besit u ook nog hierdie geloof?**



Jou Afrikaner- gelofte

Die viering van ons feesdae is 'n roeping en ons betaling van ons geloftes is 'n verantwoordelikheid wat van geslag tot geslag oorgedra moet word. 'n Volk is sterk en kerngesond as hy reg teenoor sy God staan.

'n Gelofte plaas ons as volk in 'n baie noue en intieme verhouding tot God.

Hier is die Gelofte wat ook in u naam gemaak is:

"Als Hij met Zijn bescherming met ons wezen zal, en de vijand in onze handen zal geven, dat wij die dag en datum elk jaar als een verjaardag en een dankdag, zoals een Sabbat, tot zijn eer zullen doorbrengen; en dat wij het ook aan onze kinderen zullen zeggen, dat zij ons er in moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten."

16 Desember is 'n dag van hernude toewyding aan God. In 'n tyd waar die siel van ons volk deur tallose sedelike en geestelike gevare bedreig word, is dit só nodig vir ons volk om ons pelgrimstog na die God van ons vaders te aanvaar en in opregte afhanklikheid ons opnuut te verbind aan sy sterke Naam. Ons Afrikanerbloed bly 'n roepstem.

Die einde van die wêreld

En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. Want die verborgenheid van die ongeregtheid is al aan die werk, net hy wat nou teëhou, moet uit die weg geruim word; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelf en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen. En met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.

DIE BYBEL